**Bekendstelling van die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek aan alumni, Stellenbosch, 2010-08-21: Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier**

INLEIDING

Goeie naand, baie welkom.

Thanks for coming – your continued interest in your alma mater means a lot to us.

We are here to talk about Stellenbosch University's HOPE Project. The video we have just seen provided some background – let me now tell you some more.

WAT DOEN DIE HOOP PROJEK?

Die HOOP Projek stel ons in staat om drie dinge te doen:

1. Om tot diens van die samelewing te wees deur sowel bestaande probleme as toekomstige behoeftes aan te pak.
2. Om die beste universiteit moontlik vir 'n nuwe generasie te wees.
3. Om ander aan te spoor om by ons aan te sluit in ons strewe om van die wêreld 'n beter plek te maak.

The HOPE Project is the University's new, ground-breaking advancement campaign – and it is ambitious, comprehensive and integrated.

OORSPRONG VAN DIE HOOP PROJEK

Die idee van die Universiteit Stellenbosch as 'n plek van relevansie kan teruggevoer word tot die Universiteit se *Strategiese raamwerk vir die eeuwisseling en daarná*.

Hiermee het die Universiteit hom verbind tot die regstelling van die ongeregtighede van die verlede deur middel van:

- Gelykberegtiging ten opsigte van die samestelling van ons personeel- en studentekorps; en
- Dienslewering aan die samelewing, veral aan behoeftige gemeenskappe en individue.

When I was appointed rector three years ago, we discussed these issues in the management team, and I am proud to say that the University as a whole united behind this vision.

VYF TEMAS

The core activities of the university are teaching & learning, research and community interaction. To guide these activities, we took the national and international development agendas, and distilled **five themes** from it.

Ons meen dat as ons help om:

1. armoede en verwante toestande uit te wis

en as ons 'n bydrae lewer ter bevordering van:

2. menswaardigheid en gesondheid
3. demokrasie en menseregte
4. vrede en veiligheid
5. asook ’n volhoubare omgewing en ’n mededingende nywerheidsektor

dan kan ons van die wêreld ‘n beter plek maak.

It is quite a claim to argue that we will change the world, but not one without foundation. As former President Nelson Mandela once said:

- *Education is the most powerful weapon which you can use to change the world*.

22 HOOPSKEPPENDE AKADEMIESE INISIATIEWE

Daar is so baie opwindende HOOP-skeppende inisiatiewe dat ek maklik tot moreoggend kan praat. Lees meer in ***HOOP Nuus*** en die **HOOP Projek-boekie** wat vanaand hier beskikbaar is.

Ek noem net vinnig twee voorbeelde:

- Ons Ukwanda Landelike Kliniese Skool op Worcester, waar dokters en gesondheidsorgwerkers vir landelike gebiede opgelei word; en
- Die Universiteit Stellenbosch Waterinstituut, ’n interdissiplinêre inisiatief om die kosbare waterhulpbronne van ons land en vasteland te help bewaar en volhoubaar te benut.

UITNODIGING: RAAK BETROKKE

As ons van diens tot die samelewing en ’n plek van uitnemendheid wil wees, moet ons verseker dat ons aktiwiteite volhoubaar is. Ons kan dit nie doen sonder die bystand van ons vennote, netwerke en ondersteuners nie.

Vanaand is dus nie net ’n inligtingsessie nie, maar ook ’n **uitnodiging** aan elkeen van u om betrokke te raak.

Universities worldwide are under tremendous financial pressure as state subsidies decrease and the demands of access, relevance and excellence increase. So, we have launched the largest fundraising campaign ever by an African university. Our goal is to raise gifts of at least R1,75 billion by 2015.

We can announce with pride that in the silent phase of the HOPE Project the past three years we have raised nearly R500 million in philanthropic contributions. More than 4 500 donors have supported Stellenbosch University in this period – among them, some of those present here tonight.

Een van die doelwitte van hierdie veldtog is om meer van ons alumni te inspireer om hul alma mater te ondersteun. Ons wil graag die koers van diegene wat in die Universiteit terugploeg van 2% tot nader aan 10% verhoog.

Drie onlangse Stellenbosch-graduandi stel ’n uitstekende voorbeeld in hierdie verband -- Nico Mans, Paul Antohnie en Alphonso Primo. Hulle het onlangs ’n beursfonds gestig om minderbevoorregte studente te help. Dít na aanleiding van hul eie ervaring op kampus, toe

hulle geldelik gesukkel het om kop bo water te hou, maar vasgebyt het omdat hulle die belang van opvoeding besef.

Nadat hulle afstudeer het, het elkeen elke maand ‘n R100 of wat weggesit, en toe hulle R4 000 gespaar het, het hulle die Universiteit genader en ’n beursfonds vir behoeftige studente gestig. Hulle noem dit die MAP-beurs, op grond van die eerste letter van hul vanne – Mans, Antohnie en Primo.

To them, and all our past donors, thank you for entrusting us with the responsibility of making a difference where it matters most. We cannot mention all our donors by name, but all the details will be on the HOPE Project website in due course: **www.thehopeproject.co.za**.

Besoek gerus die HOOP Projek-webblad – **www.diehoopprojek.co.za** – vir ‘n magdom inligting oor al ons verskillende inisiatiewe, asook inligting oor hoe om betrokke te raak.

Gesels sommer vanaand nog met een van ons talle ontwikkelingsbeamptes hier teenwoordig. I am going to ask our Advancement Team to please stand up, so you can all see who they are. Have a chat to any of them about how you can get involved.

SLOT

Ladies and gentlemen, 2010 is proving to be a big year for South Africa, having just successfully hosted the soccer World Cup. Our challenge now is to sustain this momentum. And the best way of doing this, is by investing in education. Higher education, in particular, unlocks and imparts reliable knowledge, which can be used to change the world for the better. And it produces professionals in a variety of fields, equipping them with the necessary skills to fulfil leadership roles in society and drive the economic growth required for improving people’s lives.

Die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek is pasgemaak vir hierdie uitdaging. Dit stel ons in staat om ons vernaamste sterkpunte in te span om van ons land en vasteland se grootste probleme aan te pak.

Dames en here, die HOOP Projek is die regte ding om te doen. Nou is die regte tyd vir hoop. Ons kinders en hulle kinders verdien niks minder nie. Baie dankie.